# OMSENDBRIEF 2

26/01/2024

Goed • Beter • BoEriEs

## ONBEKENDE INBETALING:

Inbetaling in bank met verwysing C Olivier.
Kontak asb. Me Wendy Strydom: boeries.fin@mweb.co.za

## DAGBOEKE:

Graad 1 tot 7 VERPLIGTE skooldagboek te koop by registeropvoeder teen R75.


## BETALINGS:

Ons doen 'n dringende beroep op ouers om asb. so ver moontlik alle kontantbetalings te vermy.
Die volgende opsies is beskikbaar:

- Debietorder
- Kaartfasiliteite
- Direkte bankinbetaling of EFT

Die risiko aan kontanthantering raak groter.

Daar is ook geen kleingeld in die kantoor beskikbaar nie. Daar word daagliks gebank en gelde word nie gehou nie. Ouers moet asb toesien dat hulle die korrekte bedrag stuur of anders eerder 'n EFT betaling doen.



## OMGEEWEEK:

Baie dankie vir elke skenking ontvang.
Graad 6N en Graad 3W het die meeste nie-bederfbare kruideniers ingesamel en mag daarom Maandag, 29 Januarie, GRATIS gewone klere aantrek!
Ons het groot waardering vir elke bydrae van nie-bederfbare produkte, ongeag hoe groot. Dankie ook aan die ouers wat 'n geldelike donasies gemaak het!

## VERJAARSDAE:

LEERDERS:

| | |
|---|---|
| Danté Laynes | 26 Januarie |
| Khean Myburgh | 27 Januarie |
| Janke Lerm | 27 Januarie |
| Wonay Meyer | 29 Januarie |
| Johnny Zowitsky | 29 Januarie |
| Markus Hiemstra | 30 Januarie |
| Abigail Paulsen | 30 Januarie |
| Ruan Coetzer | 1 Februarie |
| Bernice Mulumba Mlumba | 1 Februarie |

OPVOEDERS:
Geen

ANDER:
Geen




Laerskool Boerefort
www.boerefort.co.za
Laerskool Boerefort
De Beerstraat 325, Wonderboom-Suid, 0084
0123352841

Algemeen: boeries@mweb.co.za
Gr 1-7 Finansies (Wendy): boeries.fin@mweb.co.za
Gr R Rekeninge (Linda): boeries.rek@mweb.co.za
Admin (Charlene): boeries.adm@mweb.co.za
Admin (Sunet): boeries.ontv@mweb.co.za
Nasorgsentrum (Adri): boeries.naskool@gmail.com

## SKOOLGELDE:

As die Januariefooi nie alreeds betaal is nie is skoolgelde agterstallig! M.a.w. teen einde Januarie moet Februarie se gelde reeds betaal wees. Skoolgelde is STRENG VOORUIT BETAALBAAR en word EERS GEALLOKKEER na skoolfonds en daarna na Nasorggelde.

REKENINGSTATE KAN SLEGS BESIGTIG WORD OP D6 CONNECT - LAAI ASB. TOEP AF!

Navrae:

Graad RR en R rekeninge: Me Linda Minnaar - boeries.rek@mweb.co.za

Graad 1 tot 7 skoolgelde: Me Wendy Strydom - boeries.fin@mweb.co.za

## KOMITEEVERGADERINGS:

Ouers is baie welkom om betrokke te raak by die onderskeie komitees. Vergaderings vind reeds volgende week plaas - sien BELANGRIKE DATUMS onderaan bladsy.



- Sport- en Kultuurkomitee
- Geboue- en terreinkomitee
- Bemarkingskomitee



## FOTOBESTELLINGS:

Leerders is onderskeidelik op 24 en 25 Januarie afgeneem. Die fotograwe voorsien ons binnekort van bestelvorms. Die sluitingsdatum sal vertoon word op die vorm.

## SPOGNUUS:

Baie geluk aan Me Chéri Wagner.

Die Gautengse Departement van Onderwys Nasionale Hoofkantoor het haar gevra om deel te wees van die Nasionale Grondslagfase assesseringsbeplanning.

Wat 'n absolute voorreg om te kan spog met 'n personeellid. Ons is seker juffrou gaan uself puik van u taak kwyt!





Jaen Mong het deelgeneem aan sy eerste Internasionale kompetisie as deel van die Suid Afrika Span vir Performing Arts. Hy het tydens Januarie Virtueel deelgeneem teen 18 lande in die Stars of the Universe Kompetisie. Hy het 'n Goue medalje vir sy tap Solo verower. Jaen, ons is super trots op jou!

## SKOOL VERDAAG 30 JANUARIE OM 13:15:

Graad RR tot 7 verdaag Dinsdag, 30 Januarie, om 13:15 a.g.v. die atlete en personeel wat vroeër moet ry vir die Atletiek by Laerskool Swartkop.

## BELANGRIKE DATUMS:

Eerste Kwartaalprogram uitgestuur saam met Omsendbrief 1. Program is wel onderhewig aan verandering - lees asb. elke Vrydag die omsendbrief deeglik deur.

- 29 Januarie - o/13 Rugbyproewe 15:00-16:00
- 29 Januarie - Geslagsopleiding (Graad 7 ouers) 18:00
- 29 Januarie - Sport- en Kultuurkomiteevergadering 18:00
- 29 Januarie - Senior revue uitdunne in skooltyd (Gr 5-7)
- 30 Januarie - Geboue- en terreinkomiteevergadering 18:00
- 30 Januarie - Atletiek (weg) te Laerskool Swartkop
- 30 Januarie - Senior revue uitdunne in skooltyd (Gr 5-7)
- 31 Januarie - Bemarkingskomiteevergadering 18:00
- 31 Januarie - Bulletjierugby ouervergadering 18:00
- 31 Januarie - Instappie: Graad RR tot 3
- 1 Februarie - Bulletjies begin oefen
- 1 Februarie - Atletiek (weg) Queenswood
- 2 Februarie - Graad 7 Geslagsopvoeding



# SNOEPIE:

Baie welkom aan ons nuwe Snoepie-eienaars! Hiermee inligting:

## Boerefort snoepie

**Dit is vir ons span 'n groot voorreg om aan te sluit by Laerskool Boerefort.**

Ons streef daarna om 'n goeie diens te lewer aan alle leerlinge, ouers en personeel.

Ons het kaartfasiliteite beskikbaar en die lunchcard sisteem word binne die volgende week geinstalleer.

Ouers is welkom om 'n eft te doen en die bewys van betaling aan te stuur na 079 147 1383 sodat ons die gelde korrek kan allokeer.

Die snoepie se bankbesonderhede is as volg:

Boerefort snoepie
FNB rek nr: 6303 0087 399
Tak kode: 250655
Verwysing: Leerling se naam en van

Neem asseblief kennis dat geen lekkers en soetgoed voorskool verkoop sal word nie.
Indien u kind allergies is vir enige iets of diabetes het word u vriendelik versoek om ons in kennis te stel sodat ons dit ook van ons kant af kan monitor.

Vir enige navrae/reëlings kontak gerus vir Leonet op 079 147 1383

## SPYSKAART



### GEROOSTERDE BROODJIES

| | |
|---|---|
| Kaas | R 18 |
| Tamatie en kaas | R20 |
| Ham en kaas | R20 |
| Ham, tamatie en kaas | R24 |
| Spek en kaas | R25 |
| Spek, eier en kaas | R30 |
| Spek, eier, tamatie en kaas | R32 |
| Hoender mayo | R22 |
| Hoender mayo en kaas | R24 |
| Maalvleis en kaas | R25 |

### VARS TOEBROODJIES

| | |
|---|---|
| Ham en kaas | R12 |
| Salami en kaas | R13 |
| Tamatie en kaas | R12 |
| Kaassmeer | R13 |
| Biltong en kaas | R15 |

### BURGERS & ROLLETJIES

| | |
|---|---|
| Beef burger | R32 |
| Hoender burger | R32 |
| Rib burger | R32 |
| Russian roll | R25 |
| Vieanna roll | R13 |





### BOERIE ONTBYT

| | |
|---|---|
| Ontbytpap | R18 |
| Ontbyt wrap | R30 |
| Boerie brêkkie | R35 |
| Ontbyt bakkie | R30 |
| Boerie bun | R20 |

079 147 1383
boerefortsnoepie@gmail.com
KONTAK LEONET VIR NAVRAE

## SPYSKAART





### DRINKGOED

| | |
|---|---|
| 440ml coke, sparletta, fanta | R16 |
| 440ml Lemon/Granadilla twist | R16 |
| 500ml Coke zero, sprite zero | R16 |
| 600ml pepsi, pepsi max, m/dew | R16 |
| 330ml pepsi, pepsi max, m/dew | R12 |
| 200ml Cappy appelsap | R10 |
| 300ml Mr orange | R8 |
| 250ml first choice melkie | R13 |
| 300ml Fruugo appletiser | R12 |
| 500ml Energade | R18 |
| 600ml Isorade | R15 |
| 500ml Thirsti water - still | R10 |
| 500ml Thirsti water - sparkling | R12 |
| 500ml Aquelle gegeurde water | R13 |

### SJOKOLADE

| | |
|---|---|
| Groot sjokolades | R15 |
| Klein sjokolades | R7 |
| PVM bar | R20 |
| Jungle bar | R15 |
| Milo bar/koekies | R10 |
| Tinkie | R10 |

### JELLIE LEKKERS

| | |
|---|---|
| Mr sweets s/berry fluffs | R15 |
| Manhattan sweets | R13 |
| Maynards w/gum roll | R13 |
| Vidal jellie lekkers | R7 |
| Toros jellie lekkers | R8 |



### CHIPS

| | |
|---|---|
| Lays, Simba | R10 |
| Doritos, Niknaks | R10 |
| Willards crinkle cut | R10 |
| Foxi nax | R9 |
| Foxi corn pops | R8 |
| Yank snacks | R12 |
| Pop shots, Chippys | R7 |
| Cheese pops | R7 |
| Tacos | R10 |





079 147 1383
boerefortsnoepie@gmail.com
KONTAK LEONET VIR NAVRAE

## SPYSKAART



### HAP EN STAP

| | |
|---|---|
| Slap chips | R20 |
| Aartappelballe | R20 |
| Hoender nuggets/Strips/Pops | R30 |
| Cheesy strips/Cheesy pops | R30 |
| Boneless buffalo wings | R25 |
| Hoender strips & chips | R32 |
| Hoender nuggets & chips | R32 |
| Hoender pops & chips | R32 |
| Cheesy russian & chips | R35 |
| Vieanna & chips | R25 |

### WRAPS

| | |
|---|---|
| Hoender wrap | R32 |
| Spek en feta wrap | R32 |
| Biltong wrap | R32 |
| Steak wrap | R35 |
| Stir fry groente wrap | R30 |

### TRAMEZINIS

| | |
|---|---|
| Spek en kaas | R32 |
| Hoender mayo | R32 |
| Maalvleis en kaas | R32 |
| Kerrie maalvleis | R32 |



### SLAAIE

| | |
|---|---|
| Griekse slaai | R25 |
| Hoender slaai | R32 |
| Hoender mayo slaai | R32 |
| Tuna/Tuna mayo slaai | R32 |
| Biltong/spek | R32 |
| Vrugteslaai | R32 |



079 147 1383
boerefortsnoepie@gmail.com
KONTAK LEONET VIR NAVRAE

# ATLETIEK:

## OEFENING:

Naellope en hekkies:
Maandae tot Donderdae 13:45-14:20

Diskus en spiesgooi:
Maandae en Woensdae 14:50-15:15

Middelafstande:
Maandae tot Donderdae 14:20-15:15

Gewigstoot o/10, Hoogspring o/12 en o/13, Verspring o/11
Maandae 14:20-14:50

Gewigstoot o/12 en O/13, Hoogspring o/11, Verspring o/10
Dinsdae 14:20-14:50

Gewigstoot o/12 en 0/13, Hoogspring o/11, Verspring o/10
Woensdae 14:20-14:50

Gewigstoot o/10, Hoogspring o/12 en o/13, Verspring o/11
Maandae 14:20-14:50





## BYEENKOMSTE:

30 Januarie (weg) Laerskool Swartkop

1 Februarie (weg) Ls Queenswood

6 Februarie CLUSTER ATLETIEK

## GESONDHEIDSDIENSTE:


Graad RR tot 7 leerders ontvang toestemmingsbriewe. Stuur asb. terug op die laatste 31 Januarie.

Die Departement van Gesondheid in samewerking met Departement Basiese Onderwys en Sosiale Ontwikkeling bied hierdie jaar weer verskeie gesondheidsdienste aan skole.


Indien u NIE BELANG STEL NIE, skryf asb. u kind se naam op die vorm en trek 'n lyn deur die vorm.


Die susters sal ons op hoogte hou van datums. Gewoonlik word die volgende dienste gelewer:

- Ontwurmingspille word beskikbaar gestel vir Graad RR tot 7.
- Slegs Graad 5 dogters ontvang HPV-inenting (2 inentings gedurende die jaar).
- Masels-inentings.
- Klem-in-die kaak (TD)-inentings Graad 5.



The **vaccine is effective at stopping people getting the high-risk types of HPV** that cause some cancers, including most cervical cancers and some anal, genital, mouth and throat (head and neck) cancers. It's important to have both doses to be properly protected.




## WAGKLAS/NASKOOL KENNISGEWING:

Alle kinders wat na skool in 4de Laan opgetel word moet die skool verlaat by die Sekuriteitswag se hek.
Die ou hek sal vir die toekoms na skool slegs vir ingeskrewe Nasorgkinders se gebruik wees!
Wagklas slegs tot 14:15.




## INSTAPPIES:

Ouers moet asb. nie deurmekaar raak nie.



GRAAD RR TOT 3
- 31 Januarie
- Briewe huistoe gestuur
- R30 per kind
- Tema: My lyfie

GRAAD RR tot 7 Boekbuddies
- 21 Februarie
- Slegs op kwartaalprogram en oueraand deurgegee
- R30 per kind

## LAATKOM EN VROEG UITTEKEN:

Soos genoem op die oueraand van 24 Januarie en na aanleiding van Hoofkantoor se besoek tydens 2023, sal daar hierdie jaar strenger opgetree word t.o.v. laatkom en vroeg uitteken van leerders.

LAATKOM:
Verwittig asb. die kantoor telefonies indien u gaan laat wees.
Skoolklok lui stiptelik om 7:20 en register word geneem.
Leerders wat nie in die klas teenwoordig is nie, word afwesig gemerk.

VROEG UITTEKEN:
Geen leerder mag vroeg uitgeteken word alvorens BF21 vorm goedgekeur is deur die hoof of adjunkhoof.
Voorbeeldbrief vergesel hierdie omsendbrief of laai gerus af op d6 Connect: BRONNE > Belangrike dokumente > BF 21 uittekenvorm

# PAASEIERBESTELLINGS:

Bestelbriewe word Maandag uitgestuur.
Vorms en gelde moet asb. teen 1 Maart terug wees by voogopvoeder.
EFT is welkom. Verwysing u kind se naam, klas en "paaseiers".

Organiseerder: Me Sandrinette Pretorius
NB - GEEN LAATBESTELLINGS SAL AANVAAR WORD NIE!

